



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompass



Jaargang 20 no 5
Junie 2011

- Christus se eerste ampstaak: deur Satan versoek 2
- Kerknuus 4
- Kaapse kerklike lewe in die vroeë 19de eeu 9
- 'n Kerkboek as werkboek 12
- Raaisel-kind 14
- Internasionale terreur 16
- Lugspieëling 18

Die SENDING

Sendingwerk is gegrond op Christus se bevel in Mattheüs 28:18-20 en Handeling 1:8. Let wel: dit is nie 'n versoek van die Here aan die Christene van daardie tyd nie. Dit is 'n bevel. Ons kan dit nie systap nie. Dit is nie 'n versoek of 'n mooi vraag wat goed sou wees om te gehoorsaam nie. Dis dus 'n dringende appèl en bevel op die kerke en op elke Christen in die kerk. Voetius, 'n gereformeerde teoloog, het die doel van sending so saamgevat: bekering van die heidene, planting van kerke, en die verheerliking van God se Naam oor die hele aarde.

Omdat tydens die eeu van die Verligting (17de en 18de eeu) die kerk in dooie ortodoksie verval het, is die taak van die sending nie uitgevoer nie. In Europa en die Kaap het in reaksie daarop die sendinggenootskappe ontstaan wat die kerke probeer wakker skud het om die taak tog uit te voer. In die 20ste eeu het baie kerke ongelukkig al hoe meer in die vaarwater van die vrysinnigheid en Skrifkritiek te lande gekom. Die bietjie sendingwerk saam met die sendinggenootskappe het weer opgedroog. Sending het as gevolg van die bevrydingsteologie verdag geraak. Dit het ontaard in dialoog met ander godsdienste soos die Islam en Hindoeïsme. Verder het sendingwerk sinoniem geraak met opheffingswerk in Afrika en ander lande (kyk gerus na die tydskrif *Naast*). Te midde van hierdie prentjie was daar tog getroue dienaars wat gewoonlik alleen sending gedoen het met geldelike ondersteuning van borge en individuele kerke wat hulle taak uitgevoer het. Die diensknegte het God gegee te midde van afvallige kerke. In Suid-Afrika het veral die NG Kerk baie sendingwerk gedoen in die 20ste eeu. Met hulle kerkkole is daar goeie werk gelewer, ook in ander dele in Afrika en daarbuite. Die Here het baie seën daarop gegee, veral as ons dink aan die werk onder die swartmense. Maar daar bly nog so baie werk in Suid-Afrika oor. Doen ons genoeg in Suid-Afrika? Die sendingwerk van die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke het begin taan. Daar is nog maar enkele projekte oor. En wat van die Vrye Gereformeerde kerke? Relatief tot die grootte van die kerke word iets gedoen in die *townships*. Maar is dit genoeg? Bydraes word uit Nederland ontvang en plaaslik word ook ingesamel. Daar word egter in terme van Christus se opdrag te min gedoen. Moet elke kerk nie een of twee sendelinge uitstuur nie? Finansiële kan ons, soos die vrou met die een penning in die Bybel, veel meer gee en doen. Dit sou 'n pragtige doelwit wees om oor 5-10 jaar nog 10 sendelinge in ons kerkverband uit te stuur. Ja, daar is 'n tekort aan sendelinge en geld. Maar ons kan tog werk daaraan. Juis in die bedeling in Suid-Afrika waarin ons leef, is daar soveel geleenthede om te werk. Ons bring nie ons kant nie. Mag die Here deur sy Woord en Gees ons stimuleer om harder op die terrein van die sending te werk. Onthou, dit is 'n bevel van die Here!

Prof Hans Boon

CHRISTUS se EERSTE AMPSTAAK : deur Satan versoek

Uit die Bybel

Versoeking is iets wat ons almal uit dure ondervinding ken. Sommige word versoek met geld, materialisme, die vermeerdering van besittings. Ander met aansien, prestige, eer. Nog ander word versoek met uiterlike skoonheid of krag. Agter en binne-in alle versoekings skuil die duiwel. Die duiwels is professionele, voltydse teenstanders van God en die gelowiges. Satan is die spesialis-versoeker. Hy verlei jou met allerlei aantreklikhede en probeer jou so van God losmaak.

So leer ons hom in die paradys ken, waar hy Adam en Eva by die boom van kennis op die proef stel. So ken ons hom vandag, waar hy die getroue volgelinge van Jesus Christus voorlê. So sien ons hom ook in Mattheüs 4, met die Here Jesus in die woestyn. Die gebeure van Mattheüs 4 staan tussen die paradysgeskiedenis en vandag. Dié geskiedenis is uniek in die geheel van die heilsopenbaring. Christus se optrede bring verandering in die donker land van versoeking.

Krisismoment

Mattheüs 4 begin met 'n tydsaanduiding. "Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in". Die woordjie 'toe' dwing ons terug na Mattheüs 3, die geskiedenis van Jesus se doop in die Jordaan. Met die doop begin ons Saligmaker se ampswerk. Die Heilige Gees daal op Hom neer en maak Hom vol. Nou moet Hy *Christus* wees, Gesalfde. As Gesalfde moet Hy teen Satan stry en oorwin.

Toe Jesus gedoop is, *toe* – op daardie oomblik – word Hy weggelei die woestyn in. Wég van die Jordaanrivier waar Johannes die volk tot bekering roep. Wég van die besige stad Jerusalem met die gewoel van duisende mense. Jesus word die eensaamheid ingelei... Deur die Heilige Gees. God die Heilige Gees stuur Jesus die woestyn in om daar deur die duiwel versoek te word. Hier staan nie dat die Gees vir Jesus in die woestyn versoek nie. Die apostel Jakobus (1:13) leer dat God self niemand versoek nie. Hier staan wel dat die duiwel vir Jesus versoek *nadat* die Gees Hom in die woestyn ingelei het. Met ander woorde: die Gees berei die strydveld voor. Die Heilige Gees bring Satan in die krisis. Die verleier word met die Verlosser gekonfronteer. Satan het geen keuse nie: hy moet tot die stryd toetree.

Geprofeteerde krisis

Hoekom moet Jesus sy ampswerk juis met *versoeking* begin? Om antwoord hierop te kry, moet ons teruggaan na 'n ander geskiedenis van versoeking: die een waarvan ons in Genesis 3 lees. Adam en Eva leef in die paradys, hulle werk in diens van die Here. Dan kom Satan die versoeker tussenbeide. In die gedaante van 'n slang nader hy mannin en sê vir haar: "Is dit ook so dat God gesê het: julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie?"

Satan se versoeking in die paradys is listig, skelm, fyn bedink. Met 'n slinkse vraag lê hy woorde in God se mond wat God nooit

gesê het nie. Boonop bevraagteken hy God se heilige wil. God het uitdruklik beveel dat Adam en Eva van al die bome vry mag eet. Net die boom van kennis moet hulle uitlos. God plaas 'n uitroep-teken: eet! Satan vervang dit met 'n vraagteken: hét God so gesê? So is Satan: boosaardig gemeen in sy praterij. Wat hy sê, klink bekend, halfpad reg. Maar dit is net mooi verkeerd; hy verdraai God se Woord sodat die betekenis daarvan verlore gaan.

Ons weet hoe Man en Mannin op hierdie versoeking gereageer het. In plaas daarvan dat die vrou die slang onmiddellik stilmaak, tree sy met hom in gesprek. Satan kry dit reg om sy pad al verder en verder met haar te loop. Wat met 'n listige vraag begin het, eindig met 'n lasterlike stelling. God sê: wie van die boom eet, sal sterf. Satan sê: julle sal gewis nie sterf nie. Nou is dit vir die mens om te besluit. Jy kan soos God wees deur goed en kwaad te ken. Jy moet net vir 'n oomblik jou ore vir God se bevel toedruk.

Die verloop van die geskiedenis is 'n ramp. Die verbode boom kry onweerstaanbare aantrekkingskrag. Onder Satan se bouse aansporing raak God se goeie Woord vergete. Sy gemene versoeking in die paradys slaag. Met droewige gevolge. Onmiddellik gaan Adam en Eva se oë oop. Hulle kry inderdaad kennis van kwaad. Die ellende is: die kennis van goed verdwyn. Soos altyd hoor hulle die stem van God in die aandwindjie. Uit vrees kruip hulle weg. Daardie goeie stem kan

hulle nie verdra nie. Die harmo-
nieuse saamleef met God is
vernietig. Die heerlike werk in die
perfekte skepping is daarmee
heen. Stof is jy, mens – en tot
stof sal jy terugkeer. Man, met
moeite en sweet sal jy jou werk
doen. Vrou, met pyn sal jy
kinders baar. Want julle het
geval voor versoeking.

Profesie in vervulling

Deur versoeking het die eerste
Adam (Rom 5:12), die hoof van
die hele mensdom, geval – dit is
Genesis 3. Die laaste Adam
(1 Kor 15:45), Jesus Christus, die
Verlosser van die mensdom, moet
die val regmaak – dis Mattheüs 4.
Jesus *moet* sy ampswerk begin
deur Satan se versoeking te
weerstaan. God eis dit. Alleen
langs hierdie weg kan Jesus ons
ware Verlosser wees. Slegs deur
nee te sê teen Sataniëse versoe-
king en volkome gehoorsaam aan
die Vader te wees, kan die ver-
skriklike breuk van die sondeval
herstel word. Die Heilige Gees
forseer die krisis af – dit kan nie
gesystap word nie.

Die stryd wat hy as laaste Adam stry, is oneindig meer intens as die stryd van die eerste Adam.

Let op onder watter omstandig-
hede die Here Jesus die krisis
binnegaan. Die stryd wat hy as
laaste Adam stry, is oneindig
meer intens as die stryd van die
eerste Adam. Want *waar* is die
eerste Adam versoek? In die
paradys, waar oorfloed en weelde
heers. En die laaste Adam? In
die woestyn, na 40 dae en nagte
van vas. *Wanneer* is die eerste
Adam versoek? *Vóór* die sonde-
val, toe hy en sy vrou in vrede
met God saamgeleef het. En die
laaste Adam? Ná die sondeval,
terwyl die volke-menigte teen
God in opstand kom, en selfs die
verbondsvolk Israel die pad van

die Here by herhaling verlaat.
Hoeveel keer is die eerste Adam
versoek? Een keer, en hy het
geval. En die laaste Adam? Drie
keer, om mee te begin. Later in
sy lewe sou Hy by herhaling
verder versoek word. Op Golgota
bereik dit 'n dieptepunt. Dan is
Satan met sy listige praterij by:
"As U die Seun van God is, kom
van die kruis af".

Wapen in die stryd

In aansluiting by die eerste vers
word vertel hoe Christus drie maal
deur Satan versoek is. Die klem
val besonder op *hoe* ons Verlosser
met al drie versoekings van die
duiwel te werk gaan. Totaal
anders as Eva in die paradys
reageer Hy op nie op die verdraai-
de woord van die duiwel nie. Hy
redeneer nie met Satan nie. Dit
op sigself sê reeds baie. Hieruit
moet ons lering trek. As daar
versoeking op die pad kom,
moenie begin onderhandel nie,
moenie een tree saam met Satan
beweeg nie. Want dit is een tree
te veel, bes moontlik 'n fatale
tree.

Ons Verlosser in die woestyn
antwoord uit die Skrif. Daar
staan geskrywe, so sê die HERE
Here. En daarmee is die saak
afgehandel, Satan! As God
gepraat het, is dit klaar gepraat –
en dan moet jy stilbly. Teen
hierdie magtige wapen het Satan
geen kans nie. Drie maal probeer
hy; drie maal faal hy. Hy loop
hom telkens tromp-op teen God
se Woord. Hy moet die aftog
blaas. Lukas vermeld in sy
evangelie: "en toe die duiwel elke
versoeking geëindig het, het hy 'n
tyd lank van Jesus gewyk".

Dit sê nie dat die oorlog verby is
nie. Die hoogtepunt van die
oorlog sal aan die kruis besleg
word. Terwyl Christus helse pyn
en bange Godverlatenheid
verduur, is Satan die versoeker
daar. Maar dan hoor ons tog

uiteindelik die woord van oorwin-
ning: "dit is volbring; Vader, in u
hande beveel Ek My gees" (Joh
19:30). Aan die kruis wys Jesus
dat Hy elke tree van sy aardse
lewe in ooreenstemming met
Mattheüs 4 gegee het. Hy was
nooit ongehoorsaam aan sy Vader
nie. Satan was vir geen oomblik
sy meerdere nie.

Hy was nooit ongehoorsaam aan sy Vader nie.

Daarom dat die Hebreër-skrywer
in 4:14-16 sê: "Ons het 'n groot
hoëpriester wat deur die hemele
deurgegaan het, naamlik Jesus,
die Seun van God". Jesus is
oorwinnaar oor Satan. As laaste
Adam het Hy herstel waar die
eerste Adam en ons almal verbrou
het. Noudat ons dit weet, laat
ons met vrymoedigheid na die
troon van genade gaan. Laat ons
vandag uit die krag van God leef.
Ons Here Jesus is vandag in die
hemel. Hy tree as hoëpriester
elke dag vir ons in. Ons het 'n
hoëpriester wat ons goed ken. Hy
kan met ons swakhede medelye
hê. Want Hy is in alle opsigte
versoek net soos ons, maar
sonder sonde.

Die Vader in die hemel hoor die gebed van sy strydende kerk op aarde.

Hoë noot

Die geskiedenis van Mattheüs 4
eindig op 'n hoogtepunt. "Daar
het engele gekom en Hom ge-
dien". Engele lewer diakonale
versorging nadat Jesus die eerste
stryd teen Satan gewen het.
Sake word presies omgekeer ten
opsigte van Genesis 3. Daar lees
ons aan die einde van die hoof-
stuk ook van engele. Gerubs met
flikkerende swaarde moes Adam
en Eva uit die paradys hou omdat
hulle aan versoeking toegegee
het. Die gerubs staan daar op
bevel van God. Die engele van

Genesis 3 kan in Mattheüs 4 die swaard bêre en diakens wees, diens lewer: liefdesdiens, versorgingsdiens, beskermingsdiens.

Daardie diens geld vir ons vandag. Die Vader in die hemel hoor die gebed van sy strydende kerk op aarde: "lei ons nie in versoek-

king nie". Hy verhoor die bede. Hy stuur sy engele uit om sy gelowige kinders in die wêreld van die bose te bewaar. God is magtiger as die duivel – onvergelykbaar magtiger. In sy Seun is ons meer as oorwinnaars (Rom 8:37). Teen die magtige wapen van die Woord en die gebed het Satan geen skyn-

van kans nie (Efes 6:10-20). Maar dan moet ons wel met daardie wapen bewapen wees!

Ds Gerard J Meijer is predikant van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot

KERKNUUS

Kerknuus

Nederland – korrespondent : Ds Axel Hagg

Sinode van ons Nederlandse susterkerke

Agtergrond

Die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onderhou kerklike relasies met verskeie ander Gereformeerde kerke in die wêreld. As gereformeerdes glo ons dat ons 'n Bybelse opdrag het om eenheid met alle ware gelowiges te soek en te bevorder. Om dié rede is die benoeming van deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke (BBK) en 'n verslag van dié deputaatskap vaste punte op elke sinode-agenda van die VGKSA.

Een van die maniere om kontakte met ander kerke hande en voete te gee, is om hul landelike vergaderings by te woon. In die geval van ons susterkerke is dit hul sinodevergaderings wat gewoonlik met tussenperiodes van 3 jaar gehou word. Ook word buitelandse susterkerke genooi om afgevaardigdes na ons sinodevergaderings te stuur.

So het die laaste VGKSA-sinode 2008 aan deputate BBK opgedra om 'n afgevaardigde na die Sinode 2011 van ons Nederlandse susterkerke te stuur. Op grond van die opdrag het BBK my benoem om die sinode 2011 van die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) (verder GKv genoem) in Harderwijk by te woon en in hierdie artikel wil ek graag my ervarings daar met die *Kompas*-lesers deel.

Werkwyse

Die GKv se sinodebyeenkomste werk heeltemal anders as by ons. Ons sinodes word gewoonlik binne 'n week afgehandel, maar by die GKv duur dit omtrent ses maande.



Na 'n bidstond op Vrydagaand 28 Januarie 2011 is die sinode op Saterdag 29 Januarie gekonstitueer. Die moderamen het die week daarna vergader en met behulp van 'n paar deputate allerlei reëlins bespreek insake die funksionering van die sinode. Die sinode-afgevaardigdes het egter vanaf 5 Februarie tot 19 Maart slegs op Saterdag vergader. Hierdie vergaderings was slegs bedoel om inligting van deputate te ontvang en geen besluite is geneem nie. Vanaf Maandag 28 Maart tot Vrydag 1 April is spesiale reëlins vir die besoek van buitelandse afgevaardigdes gemaak, maar die Nederlandse afgevaardigdes het slegs op Donderdag en Vrydag saam met die buitelanders vergader. Daarna sou die Nederlandse sinodelede, volgens die vasgestelde vergaderrooster, slegs op Vrydae en Saterdag vergader, terwyl die afsluitingsvergadering vir Vrydag 24 Junie beplan is. Volgens die vergaderrooster was daar vir die tydperk van 28 Januarie tot 24 Junie 'net' 25 vergaderdae beplan.

Gedurende die vergadertydperk van die sinode word baie sake aan die orde gestel. Baie van die sake word deur deputaatskappe voorberei en met aanbevelings vir die sinode voorsien. Sover ek kon vasstel, is daar 27 deputaatskappe wat by hierdie sinode hulle verslae ingedien het. Nederlandse deputate word in die algemeen opgedra om een keer per jaar 'n tussentydse verslag, die "jaarrapport", vir kommentaar of kennisname na die kerke te stuur en 'n finale, sg. "beleidsrapport", voor die begin van die sinode. Belangrike sake wat deur deputate voorberei is, sluit in kontakte met buitelandse kerke, kerklike eenheid, die rol van mans en vroue in die kerk, hersiening van die Kerkorde, evangelisasie onder Moslems, invulling van eredienste, ens.

Buitelandweek

In die week waarin buitelandse afgevaardigdes genooi is om aan die sinodeverrigtinge deel te neem, het die sinode se reëlspan uit hulle pad gegaan om dit vir die buitelanders die moeite werd te maak.

Een dag is gebruik om mekaar te leer ken en om deur deputate ingelig te word oor verslae van deputate waarby buitelandse susterkerke ook belang het, soos die verslae van deputate vir 'Betrekkings met Buitenlandse Kerken (BBK)', deputate vir 'Kerkelike Eenheid (KE)' en deputate 'Man/vrouw in de kerk'. Ook is ons deur lede van die *De Verre Naasten*-organisasie ingelig oor ontwikkelings in verband met sending en hulpverlening.

Die tweede dag is al die buitelandse afgevaardigdes met deputate BBK deur die Teologiese Universiteit in Kampen genooi om deel te neem aan 'n werkwinkel oor hermeneutiek (Bybeluitleg). Dit is spesiaal gedoen omdat verskeie susterkerke sorges uitgespreek het oor die hermeneutiek soos dit in Kampen gepropageer word. Die werkwinkel het oor die hele dag gestrek en die afgevaardigdes het volop geleentheid gekry om kritiese vrae te vra. Daarvan is baie deeglik gebruik gemaak.

Die volgende twee dae is in die sinodevergadersaal deurgebring saam met die Nederlandse sinode-afgevaardigdes. Dit was die eerste twee vergaderdae van die sinode waarop besluite geneem kon word.



Synodenieuws > Vergadernieuws

Vergadernieuws

Hieronder vindt u dagelijkse berichtgeving over de synode.

- 21-05-2011 [Liturgische formulieren en de "puntje op de i"](#)
- 20-05-2011 [Archief, overheid en een vleugje drama](#)
- 14-05-2011 [OOG wil zich meer richten op missionair onderzoek](#)
- 13-05-2011 [Vieren en zingen, divers en toch samen](#)
- 16-04-2011 [Beroepsprofiel voor predikanten en wijsiging van de kerkorde](#)
- 15-04-2011 [Verantwoorden voor verandering](#)
- 09-04-2011 [Over bededagen, de bijbelvertaling en de Raad van Advies Huwelijk & Echtscheiding](#)
- 08-04-2011 [Synode verwacht dat kerkelijke lasten niet verder zullen stijgen](#)
- 04-04-2011 [Buitelandweek GS vol bijzondere momenten](#)
- 01-04-2011 [Synodevoorzitter vertelt over het gesprek met buitenlandse kerken](#)
- 29-01-2011 [Niemeijer voorzitter Generale Synode](#)
- 28-01-2011 [Buitenlandse deelnemers Generale Synode](#)
- 28-01-2011 [Bidstond synode: laat u verrassen](#)

Verslag

Die werkwinkel wat deur die TU in Kampen aangebied is, het algemene waardering van die afgevaardigdes ontlok. Almal het saamgestem dat volop geleentheid geskep is om oop en eerlik met mekaar te praat oor wat deur verskeie susterkerke as die 'nuwe hermeneutiek' van Kampen beskryf word.

Deur die TU-personeel is benadruk dat Bybeluitleg sodanig moet wees dat dit in vandag se situasie toegepas kan word. Maar dit beteken nie dat 'vandag se konteks' bepaal hoe die Bybel uitgelê moet word nie. Die Bybel kom eerste en dan die konteks van vandag. Met die beginsel het almal saamgestem. Maar oor die vraag of die Bybel ook by die TU in Kampen eerste kom, het nie almal saamgestem nie. Die TU-personeel was daarvan oortuig, maar verskeie buitelandse afgevaardigdes het dit betwyfel. As voorbeeld is die 'man/vrouw in de kerk'-problematiek genoem, waar tog sterk die indruk gewek word dat vandag se konteks, met gelyke posisies vir mans en vroue, rigtingbepalend was vir 'n ander uitleg van Bybeltekste waarvolgens (volgens die aanvanklike uitleg) sekere take in die kerk net vir mans gegee mag word. In dié geval lyk dit dus of vandag se konteks eerste gekom het en die Bybeluitleg bepaal het.

In die eerste normale vergaderdag tydens die 'buitelandweek' is die verslag van deputate BBK bespreek wat nie juis skokkende dinge bevat het nie. Kontakte met buitelandse susterkerke is verduidelik en hier en daar het iets verander, maar in die meeste aanbevelings is voorgestel om met 'n reeds bestaande praktyk voort te gaan. 'n Tendens wat wel opgemerk kon word, is dat BBK neig om 'n effens terugtrekkende beweging te maak uit gebiede wat op groot afstande van Nederland is en om meer op Europa te konsentreer. So is 'n Oostenryks/Switserse kerkverband as susterkerk aanvaar en kontakte met 'n Letlandse kerk aangeknoop. Verder word in die verslag die vraag gevra of al die bestaande kontakte, met 32 susterkerke en 25 kerke waarmee kerklike kontakte onderhou word, nog wel op 'n sinvolle en effektiewe manier gehandhaaf kan word.

Skokgolwe : vroulike afgevaardigde na sinode van Free Reformed Churches of Australia

'n Saak wat wel skokgolwe veroorsaak het, was die kontakte gedurende 2009 met die Free Reformed Churches of Australia (FRCA). Die Australiese kerke het die GKv genooi om hul sinode in Junie 2009 by te woon. Die Nederlandse deputate BBK het die uitnodiging aanvaar, maar het as afgevaardigde 'n vrou benoem en vir die Australiese broeders was dit 'n probleem. Omdat dit baie waarskynlik tot minder aangename diskussies en situasies binne die FRCA sou lei, het die Australiese deputate versoek dat die vroulike afgevaardigde deur 'n man vervang sou word. Hulle argument was dat die sinode bestaan uit kerklike ampsdraers en dat buitelandse afgevaardig-

des genooi word om as adviseurs van die sinode aan die vergaderings deel te neem en dat die adviseur-status dus eintlik vereis dat die afgevaardigde 'n ampsdraer moet wees. Omdat vroue nie ampsdraers kan wees nie, kon hulle dus ook nie 'n vrou as afgevaardigde toelaat nie. Die Nederlandse deputate het toe, soos hulle self sê, besluit om die versoek wel in te willig omdat hulle die sinodevergadering nie onnodig in beroering wou bring nie en omdat dit nie sinvol was om die saak te bespreek onder die druk van 'n naderende sinode nie. Maar hulle het wel duidelik gestel dat hulle die argumentasie van die Australiese broeders afwys. In hulle verslag het deputate BBK versoek dat Sinode 2011, Harderwijk, dié handelwyse goedkeur.

Soos met baie deputateverslae gedoen word, het die sinode 'n kommissie benoem om die sinode te dien met 'n beoordeling van die verslag en om aan die hand daarvan aanbevelings oor goedkeuring daarvan te maak. Die kommissie het aanbeveel dat die verslag goedgekeur word, met uitsondering van die versoek van deputate vir goedkeuring van hulle handelwyse m.b.t. die geskil met die FRCA oor 'n vroulike afgevaardigde. Die kommissie het geoordeel dat: *"deputate ... onnodig inskiklik was. Dit is alreeds jare so dat deputate aangestel word op grond van hulle deskundigheid en nie op grond van hulle amp of geslag nie. As die FRCA in die toekoms 'n afvaardiging met 'n vroulike deputaat, of selfs 'n nie-(meer)-ampsdraer, weier om te ontvang, maak hulle 'n sinvolle uitoefening van die relasie met ons kerke onmoontlik (vertaal KR)."*

Die sinode het egter besluit om die hele verslag, insluitende die hantering van die FRCA-saak, goed te keur.

Op die volgende dag, die laaste van die buitelandweek, is die verslag van deputate KE aan die orde gestel. Hierdie verslag handel oor die strewe na eenheid met ander kerke en hoe dit hanteer moet word. Deputate voer gesprekke met verskeie ander kerke uit die gereformeerde kerkefamilie in Nederland. Twee daarvan staan uit, omdat kontakte met dié kerke, die Christeljk Gereformeerde Kerken in Nederland (CGKN) en die Nederlandse Gereformeerde Kerken (NGK), die versterking het en ook die meeste belangstelling wek. Dit wil voorkom of die CGKN op sinodevlak redelik terughoudend is ten aansien van volledige eenwording met die GKv, maar dat kontakte in die vorm van gesamentlike eredienste, kanselruil en gesamentlike nagmaalsviering op plaaslike vlak aangemoedig word deur sinodes van beide kerke. Die kontakte met die NGK veroorsaak egter probleme op sinodevlak, omdat plaaslike kontakte met die kerke ook reeds ver gevorder is terwyl die sinode van

die GKv nog struikelblokke by die NGK sien, soos byvoorbeeld 'n twyfelagtige binding aan die belydenisse en toelating van vroulike ouderlinge en predikante. Die deputateverslag het gemengde gevoelens in die sinode opgewek. Deputate is deur die vorige sinode onder meer opgedra om sake soos binding aan die belydenis en die toelating van vroue as ouderlinge en predikante met die NGK-deputate te bespreek. Uit die deputateverslag blyk dat hulle die opdragte 'n eie invulling gegee het en meer oor die inhoud van die belydenisse as oor die binding daaraan gepraat het. Hulle het self besef dat dit nie die sinode se vrae gaan beantwoord nie en noem hulle verslag daarom 'n tussentydse verslag wat deur volgende deputate verder opgevolg moet word. Verskeie sinodelede was ontevrede daarvoor, maar aan die einde van die dag, toe die buitelanders afskeid geneem het, was daar nog geen besluite geneem nie.

Beoordeling

Om 'n oordeel te gee oor die sinode is op hierdie stadium eintlik nie moontlik nie, omdat die besluitvormingsproses maar pas begin het. Maar die sake wat die sinode moet hanteer, gee wel 'n aanduiding dat daar onrus in ons Nederlandse susterkerke heers. Daar is sorg oor die hermeneutiek by die TU in Kampen. Verskeie buitelandse afgevaardigdes het ook hulle kommer daarvoor uitgespreek en die sorg is nie weggeneem nie. Verder is daar sorg oor gemeentes en kerkrade wat hulle nie aan sinodebesluite steur nie en maak soos hulle wil. Dit wil voorkom of die bewering deur verteenwoordigers van ons Australiese susterkerke, dat 'n nuwe, mensgerigte hermeneutiek in die GKv sigbaar word, nie heeltemal sonder grond is nie. As moontlike rede daarvoor wys die FRCA op die invloed van ons postmoderne samelewing met as kenmerke individualisme en mensgerigte godsdiensbeleving.

Maar wat beteken dit vir ons in Suid-Afrika?

Eerstens glo ek dat Christus se opdrag om eenheid met alle ware gelowiges na te streef (Joh 17), impliseer dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor ons susterkerke het. Prakties beteken dit dat ons moet bly waarsku teen verkeerde ontwikkelings wat ons raaksien. Ons deputate BBK is daarvoor verantwoordelik. Maar nie net hulle nie. Dit is ook elke VGK-lidmaat se verantwoordelikheid om 'n bydrae te maak waar dit moontlik is. Vervolgens moet ons ons susterkerke in ons gebed aan die Here opdra en bid dat Hy sy kerk daar in Nederland sal beskerm en bewaar. Ten slotte moet ons ook besef dat ons aan dieselfde invloede van 'n postmoderne samelewing blootgestel is. Individualisme en mensgerigte godsdiensbeleving

is ook kenmerke van ons Suid-Afrikaanse samelewing en dit gaan nie aan VGK-lidmate verby nie. Laat ons daarom ons Hemelse Vader bid dat Hy ons in staat sal stel om "die geeste op die proef (te stel) of hulle uit God is" (1 Joh 4: 1).

Kees Roose is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria en deputaat Betrekkinge met Buitelandse Kerke

Suid-Afrika – korrespondent : Ds Pieter Boon

Nuwe predikant

Ons wil vir ds Jelle Drijfhout en sy gesin baie welkom heet in Suid-Afrika. Uit die Pretoria-gemeente het ons die volgende verneem:



Die gemeente sien met groot vreugde uit na die koms van hulle nuwe predikant. Wanneer u hierdie berig lees sal ds J Drijfhout en gesin DV alreeds in Pretoria aangekom het. Die gemeente beplan 'n amptelike verwelkoming op 4 Junie om 16:00 in hulle kerkgebou. Amptelike bevestiging word beplan vir Sondag 5 Junie in die oggenddiens wat waargeneem sal word deur ds HH van Alten. Ds Drijfhout sal sy intrepreek hou in die aanddiens hou.

'n Nuwe pastorie is aangekoop (21^{ste} Laan 934, Rietfontein) met die gevolg dat gesin Drijfhout nie meer langs die kerk sal woon nie. Die vorige pastorie word huidig verbou na 'n versorgingshuis vir bejaardes in die gemeente.

Versorgingshuis

Oor hierdie versorgingshuis is onlangs 'n nuusbrief uitgedeel. Dit sal **Huis Amandelboom** genoem word:

Die bouwerk aan Huis Amandelboom vorder fluks... Ons hoop om einde Mei 2011 die huis se verbouing te voltooi... Daar is tans 5 enkelkamers en een dubbelkamer in die huis beskikbaar en 'n enkelvertrek buitekamer... Gemeenskaplike areas en tuin met grasdaklapa rond die prentjie mooi af – alles binne loopafstand van Pretoria-gemeente en Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn. Die opsigterspaar sal tuisgaan in die eertydse garage wat omskep word in 'n volledige woonstel. Kobus en Heila Potgieter is deur die kommissie genader om as huisouers diens te doen en hulle het daartoe

ingestem. Ons dank aan hulle vir die bereidwilligheid.

Ons beoogde datum waarop die eerste bewoners kan intrek, is ongeveer einde Junie 2011. Aansoekvorms is alreeds opgestel en sal binnekort beskikbaar wees by Philip Meyer (Pretoriagemeente 012-756 4101) en by Hennie Smit (Maranata 012-332 0272). Lidmate wat belangstel om in Huis Amandelboom in te trek, kan gerus met hulle in verbinding tree. Alle aansoeke sal op meriete ge-evalueer word en 'n onderhoud sal met alle voornemende inwoners gevoer word. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie 'n projek vir ons lidmate deur ons lidmate is. Dit is 'n inisiatief van die diakonies van Pretoria en Maranata, maar sal onder beheer van 'n onafhanklike dagbestuur wees.

Sinode

Verder word u herinner aan die sinode van die VGKSA wat DV sal plaasvind van 13-17 Junie 2011. Dit sal gehou word in die kerkgebou van die Pretoriagemeente en sal begin met 'n bidstond op 13 Junie om 19:00.



Doopsbediening in XX

Wonders op sendingsveld

Dikwels gebeur daar wonders van geloof en bekering op die sendingsveld wat hulle aan ons oog onttrek. Ons hoor dalk dat in die verskillende gemeentes in die dankgebed aandag daaraan geskenk word, maar tog bly dit soms 'ver van ons bed' af. So is daar onlangs in Soshanguve-Suidoos (XX) twee keer die doop aan volwassenes bedien. Op so 'n oomblik word die werk van die Heilige Gees in mense se lewens werklik sigbaar. Op 17 April mog April Mahlangu die heilige doop ontvang, en op die 1^e Mei is Maria Kekana gedoop (sien foto).

Goeie Vrydag

Goeie Vrydag is 'n dag wat uitgebreid in die (oud) sendingsgemeentes gevier word. Ook hierdie jaar was al die verskillende kerke uit Soshanguve (5 in totaal) en die Living Hope-gemeente (Akasia) bymekaar. Die dag het bestaan uit 'n erediens waar Jesaja 53:8-10 sentraal gestaan het: *hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee, maar by 'n ryke was Hy in sy dood*. Verder was daar verskeie kooruitvoerings en 'n gesamenlike maaltyd. Vir die gemeente in XX (Suidoos) was dit 'n hele logistiek om vir honderde mense te kook.



Goeie Vrydag in Soshanguve



Goeie Vrydag in Soshanguve

Bethal

In die tydskrif *Una Sancta* van ons Australiese susterkerke was daar onlangs 'n uitgebreide artikel oor die VGK in Bethal, geskryf deur Bert Veenendaal. Dit gee 'n goeie oorsig van die huidige situasie, en daarom is dit vir ons hier in Suid-Afrika ook nuttig om enkele gedeeltes daaruit oor te neem:

Bethal... Die kerklidmaatskap halveer. Die skool maak toe. Die predikant vertrek. Drie predikante bedank binne 'n jaar vir die beroep op hulle uitbring. Daar word voorgestel om die kerk op te hef.

Die naaste susterkerk is twee ure weg in die besige stad. Die paaie na die stad is vol gevare – nie net slaggate en swaar verkeer nie, maar ook baie ongelukke. Dan is daar die kwessie van veiligheid – baie roofoorvalle, kapings, geweskote, brandstigting, proteste, ens. Is dit hoe elke dag se lewe – inklusief die kerklike lewe – behoort te lyk? Dit is in elk geval die realiteit wat die ongeveer honderd-duisend inwoners – waarvan 50 lede van die VGK – in die dorp Bethal elke dag in die gesig staar.

Tog is die situasie nie uitsigloos nie, want God werk daar. Die woord *Bethal* (of *Bethel*) beteken *Huis van God*, en ook hier vergader God sy Kerk. Nieteenstaande al die teleurstellings het die lede van Bethal koppe bymekaar gesit en besluit om voort te gaan, hoewel hulle bestaansreg as kerk meer as een keer bevestig is. Die kerkraad en lidmate het besluit dat 'n helder Gereformeerde getuigenis nodig is op die dorp, en daarom het die kerkraad resoluut besluit om 'n nuwe begin te maak, om uit te reik na die gemeenskap, en ook die lidmate wat die afgelope jare onttrek het, weer terug te roep.

Die Here het die volharding en geduld in Bethal geseen. In Januarie 2011 het hulle weer 'n eie predikant ontvang in die persoon van dr JA Breytenbach, wat voorheen vir baie jare op die sendingsvelde van die Kaapse Vlakte gedien het.

Bethal het in 1995 by die kerkverband van die VGKSA aangesluit, nadat baie lede onder leiding van die getroue prediking van ds P Nel hulle afgeskei het van die staatskerk. Hulle het bly groei tot meer as 100 lede en het begin met hulle eie laer- en hoërskool in 2003. Hulle was in staat om in 2006 'n skoolhoof aan te stel met finansiële ondersteuning deur 'n groep persone uit die Australiese susterkerke. Toe hulle predikant egter in 2007 na Pretoria verhuis, het alles in 'n negatiewe spiraal terreggekom. Na hulle hul predikant verloor het, hulle skool, asook die helfte van die gemeente, was dit nie eens meer moontlik om 'n nuwe predikant te beroep nie.

Daar was tydelike verligting met ds FJ Bijzet uit Nederland, wat in 2009 vir vyf maande kom uithelp het. Daarna het die kerk van Kaapstad aangebied om ds E Viljoen beskikbaar te stel van Januarie tot Desember 2010. Die Australiese susterkerke kon hierin help deur ds Viljoen en sy gesin in hierdie tyd finansiëel te ondersteun. Die steun het geloop via die Australiese *Deputate vir Susterkerkverhoudings* en die Suid-Afrikaanse *Deputate vir Hulpbehoewende Kerke*. In 2010 mog Bethal toe die goeie nuus ontvang dat ds Breytenbach die beroep aangeneem

het. Vroeg Januarie 2011 het hy met sy gesin na Bethal verhuis.

Die steun van die Australiese kerke het dit vir Bethal moontlik gemaak om 'n nuwe predikant te kon beroep. In November 2010 spreek ds Viljoen sy dank daarvoor soos volg uit: *On behalf of the church here in Bethal I would like to use the opportunity to thank you for your loving willingness to give much in the service of our King so that we may benefit much from it. We hope that through the grace of our Lord, we will be enabled to make many more share in your loving support. May our good God richly bless you in your endeavors as churches in Australia.*

In hierdie verband is dit goed om die situasie waarin die susterkerke in Suid-Afrika hulle bevind, te besef. Van die 8 gemeentes in die kerkverband is daar 3 onlangs geïnstitueerde oud-sendingskerke (wat nou predikante uit eie geledere ontvang het). Verder is daar 2 klein en hulpbehoewende gemeentes. In feite moet die oorblywende 3 gemeentes die finansiële laste van die kerkverband dra. Verder is daar nog 8 sendingsvelde en 7 sendelinge, sendingsmedewerkers en teologiese studente wat ondersteun moet word. Ook brei die sendingswerk vinnig uit. Hiervoor ontvang die Suid-Afrikaanse kerke finansiële ondersteuning uit Nederland en Kanada.

Die Australiese *Deputies for Relations with Sister Churches* het positief gereageer op die versoek van Bethal om te help by die aankoop van 'n pastorie.

Wat betref verdere finansiële ondersteuning het hierdie deputate elke Australiese gemeente afsonderlik benader vir 'n voortdurende toesegging. Bogenoemde deputate sal hierdie steun koördineer om sodoende die tekort op Bethal se begroting aan te vul. Dit gaan oor 'n bedrag van ongeveer AUD 65,000 (R 480,000) per jaar.

Ds Breytenbach het onlangs die volgende bekend gemaak: *The FRC Bethal launched a Blog – through this we want to inform our sister churches in Australia of the work and life of our congregation. We are thankful for your help and cooperation and we will appreciate it if our sister churches will follow the spreading of the Gospel and the Lord's guidance of His church in Bethal. We will welcome reactions and questions posted to the Blog.*

Die artikel in *Una Sancta* sluit dan af: *Let us use this opportunity whole-heartedly and be mindful of our brothers and sisters over the Indian Ocean, remembering them in our prayers before our Heavenly King, who gathers His church on both shores of the Indian Ocean.*

Bethal se weblogadres is:

<http://freereformedchurchbethal.blogspot.com>

KAAPSE KERKLIKE LEWE in die vroeë 19de eeu


Kerkgeskiedenis

Onlangs was daar 'n berig oor die 175-jarige bestaan van 'n Kaapse NG-gemeente. Dit is darem iets anders as die 50-jarige bestaan wat sommige Vrye Gereformeerde kerke die afgelope dekade herdenk het.

Nog nie so lank gelede nie het die NG Kerk 'n gedenk-boek "NG Kerk 350" uitgegee. Dus bo-gemelde gemeente is net mooi halfpad Jan van Riebeeck en vandag gestig. Dalk 'n goeie geleentheid om te kyk watter sake die gemeentelede en kerklike organe in dié tyd besig gehou het.

Die jare 30 in die 19de eeu

Dit was beslis nie 'n tydperk



waarin die lewe sonder groot probleme of moeites verloop het nie. Ons kies sommer 'n paar opvallende sake wat in hierdie jare die aandag geniet het.

Die eerste en mees algemene probleem wat baie van die Kaapse inwoners ervaar het, was die beleid van die Engelse regering om die Kaap in alle opsigte te verengels. Hoewel die oorgrote deel van die bevolking Nederlands as voertaal gebruik het, was Engels sedert 1822 die enigste amptelike voertaal in die Kaapkolonie. Dit het groot ongelukkigheid veroorsaak.

Dan was daar in 1834 die vrystelling van die slawe, 'n saak wat groot maatskaplike veranderings teweeg gebring het – en deur die baie swak hantering van die vergoeding vir baie boere groot skade berokken het.

'n Ander saak, wat met die voorgaande twee verband hou, was dat in 1836 die eerste boere na die Noorde begin trek het. Die beoogde trek was 'n onderwerp van ernstige diskussie. Nie maar net die gevare en moeites wat verwag kon word nie, maar ook die vraag of dit geoorloof was om te trek. Nie net die regering nie, ook die kerk het die trek afgekeur en lidmate is daarvoor selfs gesensureer.

En dan volg in 1838 die groot teenslae vir die trek-boere wat uiteindelik uitloop op die slag by Bloedrivier en die vestiging van die Republiek Natalia. Dit wil voorkom of die voorgeslagte in daardie tyd met min of meer dieselfde probleme te kampe gehad het as ons vandag.

Die NG Kerk

Op kerklike gebied was daar sowel verskille as ooreenkomste met vandag.

Om die kerklike lewe in daardie jare te verstaan, moet die posisie van die kerk in ag geneem word. Die Gereformeerde Kerk, soos dit in die jare van volksplanting aan die Kaap gestig is, het altyd 'n baie onderdanige posisie teenoor die regering ingeneem. Die eerste 125 jaar is geen ander kerk as die Gereformeerde Kerk toegelaat nie. Dan kry die Lutherse Kerk vryheid van bestaan en in 1804, met die bekende kerkwet van De Mist, kom daar algehele godsdiensvryheid.

Ongeveer 80% van die inwoners van die Kaap was lidmate van die Gereformeerde Kerke. In die sogenaamde buitelandse distrikte was dit selfs nagenoeg 100%. Die Gereformeerde Kerk was dus in hoë mate die volkskerk. (Van 1804 tot 1842 was die offisiële naam trouens Hervormde Kerkgenootskap, maar die naam 'Gereformeerde' het redelik algemeen in gebruik gebly).

As volkskerk is die finansies van die Gereformeerde Kerk deur die owerheid voorsien en die gevolg was dat die owerheid 'n baie sterk hand in kerklike sake gehad het. Eintlik kon die kerk niks doen sonder goedkeuring van die owerheid nie.

Die kerk het 'n onderdanige posisie teenoor die regering ingeneem

In 1824 het die Engelse bewind aan die Kaap besluit dat die kerk meer selfstandig sy eie sake moes gaan behartig. Hierdie besluit is egter maar halfhartig geformuleer en deurgevoer, want die reëlings van die kerkwet van De Mist moes wel in ag geneem word. En dit was juis hierdie kerkwet wat die onderdanige posisie van die Gereformeerde Kerk geformaliseer het! Die gevolg was dat eintlik niemand met sekerheid kon sê wat die kerk nou wel en wat hy nie self mog besluit nie.

Beroeping van predikante

Die onsekerheid kom duidelik uit by die beroeping van predikante. Predikante vir die volkskerk is altyd deur die owerheid voorsien, betaal, na willekeur verplaas en indien nodig ontslaan. In die dertigerjare word die vraag gestel of die kerkrade nie die reg en plig het om self predikante te beroep nie. Die owerheid wil wel aan die wens toegee, behalwe vir gemeentes wat 'n finansiële toelae ontvang. Die verste wat die sinode van 1837 durf gaan, is om uit te spreek dat die gemeentes die reg behoort te hê om self te beroep met goedkeuring van die goewerneur! Daar was dus wel 'n begeerte na selfstandigheid, maar tegelykertyd ook 'n vrees om die hand van die owerheid te los.

Dieselfde tweeslagtigheid sien ons by die sinode van 1829. Die sinode het 'n reglement vir die kerkrade opgestel. Daar is in die verskillende gemeentes baie uiteenlopende werkwyses toegepas. 'n Voorbeeld daarvan was die verkiesing van ampsdraers. In sommige gemeentes het net die kerkradslede 'n stem daarin gehad, in ander gemeentes ook oudkerkradslede. Dit het gebeur dat iemand wat verkies is, sonder genoegsame rede geweier het om die benoeming te aanvaar. Die sinode besluit nou dat die regering versoek sal word om in voorkomende gevalle die weieraars te beboet met 150 riksdaalders ten behoeve van die Predikante-Weduweefonds.

Die eredienste

Een van die groot probleme wat in die eerste helfte van die 19de eeu reëlmatig aandag vra, is die reëling van spesiale sitplekke in die kerk.



In die volkskerk het die belangrikste owerheids-persone gereserveerde (en dikwels fraai uitgevoer) sitplekke gehad. Die probleem wat opgeduik het, was nie soseer hierdie gereserveerde plekke nie, maar die 'waarde' wat aan elke plek

toegeken kan word. Die een ereplek is belangriker as die ander ereplek.

Die gereserveerde plekke moes dus in 'n bepaalde rangorde toegeken word. En die vasstelling van die rangorde het geweldige probleme veroorsaak. Soveel so dat selfs besluit is dat die verdeling nie

deur die kerkraad nie, maar deur die landdros vasgestel moes word.

In 1829 word 'n poging aangewend om die gebruik heeltemal af te skaf. In Kaapstad se gemeente word dit geredelik aanvaar, maar in die buitengeweste stuit dit op teenstand. As kompromis word dan besluit dat die getal persone wat in aanmerking kom vir gereserveerde plekke, beperk sal word tot diensdoende regeringsamptenare en kerkraadslede.

'n Ander, tans ook onbekende, gebruik was die benoeming van 'n voorleser. Aan die voorleser is die lees van die Bybelgedeelte wat in die diens behandel sal word, opgedra. Maar die voorlesing het plaasgevind voor die aanvang van die erediens. By die tweede klokgelui moes die voorleser die hoofstukke wat deur die predikant daarvoor aangewys was, begin voorlees. By die derde gelui het dan die kerkraad en die predikant verskyn en die kerkdiens 'n aanvang geneem.

Hierdie gewoonte het daartoe gelei dat die lidmate die Skriflesing verontagsaam het en net voor die derde gelui die kerkgebou ingegaan het. Die sinode van 1842 het in 'n herderlike brief teen hierdie optrede gewaarsku.

Ook die voorlesers is partykeer tot die orde geroep. Wanneer geen predikant beskikbaar was nie, moes die voorleser ook die preek lees. Uiteraard mog hy nie van die geskrewe teks afwyk nie, maar ook in die gebede moes hy die formuliergebede lees en mog hy nie sy eie woorde gebruik nie. Dit het selfs wel voorgekom dat hy na die diens die seën uitgespreek het, iets wat hom nie toegestaan was nie.

Die bywoning van die kerkdienste laat soms veel te wense oor... veral by die Kategismusprediking.

Ernstiger nog is die klag dat die bywoning van die kerkdienste soms veel te wense oorgelaat het. Die verskynsel was veral duidelik by die Kategismus-prediking. Daar was lidmate wat slegs daarvan gebruik gemaak het by die doop van hulle kinders.

Kerk en kleur

Vanaf die stigting in 1652 is daar in die kerk geen onderskeid volgens velkleur gemaak nie. Khoi, slawe en kleurlinge wat tot die geloof gekom het, is as lidmate van die kerk aanvaar. In die beginjare van die 19de eeu kom daar verset teen hierdie houding. Daar is talle aspekte wat in die verandering 'n rol gespeel het: die Britte se houding ten opsigte van die gekleurde bevolking; die invloed van die Verligtingsgees; die groeiende getal nie-blanke lidmate; die optrede van die buitelandse sendinggenootskappe, ens. Die kerk het altyd die standpunt ingeneem dat

daar geen onderskeid op basis van velkleur gemaak mag word nie. Die verset daarteen het egter toegeneem en is aanvanklik veral toegespits op die viering van die nagmaal. Daar was al gemeentes waar die gekleurde lidmate afsonderlik nagmaal gevier het nadat die blanke lidmate (die 'gebore Christene'!) eers aangesit het.

gelyktydige deelneming van alle lidmate aan die nagmaal sonder onderskeid van kleur of afkoms

Aan die sinode van 1829 is gevra om die saak te bespreek en 'n eenvormige reëling vas te stel. Tereg is tydens die vergadering opgemerk dat 'n dergelike bespreking aan die Christelike godsdiens afbreuk sou doen. Die afgevaardigdes was eenstemmig daarin dat gelyktydige deelneming van alle lidmate aan die nagmaal, sonder onderskeid van kleur of afkoms, 'n onwrikbare stelreël is wat op die Woord van God gegrond is en dat alle Christengemeentes en gelowiges verplig was om daarvolgens op te tree. Daar was egter lidmate en kerkraadslede wat hulle openlik teen hierdie gevoelens verset het. Die stryd oor hierdie saak het dwarsdeur die 19de eeu groot moeites in die NG Kerk veroorsaak en uiteindelik het die kerk aan die druk om rasskeiding in die kerk toe te pas, toegegee.

Sondagsheiliging

Op byna elke kerklike vergadering se sakelys kom die onderwerp Sondagsheiliging voor. Daar is baie klagtes: koop en verkoop, dans, timmer, messel, onnodige reise vind ongehinderd plaas. Baie mense bring die rusdag deur in vermaak en dronkenskap. Die komediespele op Saterdagmiddag het aanleiding daartoe gegee dat baie blanke lidmate òf met baie min vrug aan die eredienste deelgeneem het òf die dag op hul bed deurgebring het. Merkwaardig genoeg word as een van die oorsake van ontheiliging van die Sondag ook genoem die gewoonte om die huweliksbevestiging op Sondag te laat plaasvind. Dit het waarskynlik te doen met die feestelikhede wat by so 'n geleentheid gereël is. En die oplossing vir die probleem van die ontheiliging van die Sondag? Die owerheid sal versoek word om strengere Sondagswetgewing vas te stel.

Alles byeen is daar merkwaardig baie ooreenkomste met vandag se vraagstukke en probleme. Die aanslae op die kerk is dan ook deur die eeue dieselfde, soos wat ook die beskermende Hand van God altyd daar is.

Dr JW Meijer

'n KERK-boek as WERKBOEK

Boekresensie

In Nederland het die teologie van prof Klaas Schilder (1890 – 1952) iets van die verlede geword. In Suid-Afrika was hierdie teoloog nooit bekend nie. Gedeeltelik is dit toe te skryf aan Schilder se verouderde en moeilike taalgebruik, met lang sinne van soms 'n halwe bladsy lank. En met baie moeilike woorde soos *sylogisme, ratiocinatie, foederaal, permanente accompagnementen*, om maar enkeles te noem. Maar ook die teologie van Schilder vind nie meer ingang by vandag se gereformeerdes nie. Daar word gestel dat hulle niks meer daarmee kan doen nie. En hulle vind dit nie die moeite werd om hulself daarin te verdiep nie.



Daarom is dit verrassend dat daar nou 'n proefskrif oor dieselfde Schilder in Suid-Afrika gepubliseer is. Die skrywer met sy Afrikaanse agtergrond moes sekerlik nog veel meer moeite gehad het om Schilder se taalgebruik te verstaan. Tog het hy deur al Schilder se geskryfte gewerk. En lesenswaardig daarvoor geskryf. Waarin hy tot die gevolgtrekking kom dat Schilder se teologie nog net so aktueel as destyds is. Trouens, ons sou onself en ook die kerk van Christus aansienlik tekort doen as ons Schilder se werk ignoreer.

Vir die skrywer is dit vreemd dat vandag se gelowiges onverskillig teenoor Schilder staan. Want Schilder dwing jou tot besinning en veral tot herbesinning.

En kan jy glo dat nie 'n vrygemaakte Nederlandse teoloog nie, maar 'n Suid-Afrikaanse Doppe-

predikant met 'n beroep op Schilder pleit vir gereformeerde onderwys en 'n gereformeerde politieke party?

Schilder en die kerk

Die skrywer is dr A L A (Wikus) Buys, predikant van die Gereformeerde Kerk Innesdal in Pretoria. Hy is ook direkteur navorsing en identiteitsontwikkeling van die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (AROS), 'n gereformeerde pedagogiese akademie. Hy het sy doktoraal oor Schilder aan die Universiteit van die Vrystaat in Bloemfontein gedoen. Buys het hom spesiaal toegespits op wat Schilder oor die kerk geskryf het. En dit was nie 'n maklike stuk werk nie. Want Schilder het nie spesifiek oor die kerk geskryf nie.

Schilder het nie spesifiek oor die kerk geskryf nie.

Daar bestaan slegs 'n versameling klaslesings van Schilder oor die kerk, wat buite Schilder se verantwoordelikheid uitgegee is. En dit nogal in 1942, wat nie juis 'n tyd vir rustige besinning was nie. Ook is daar klaslesings van Schilder oor die Nederlandse Geloofsbelydenis waarin die artikels oor die kerk (28 e.v.) ter sprake kom. En daar is 19 stellings in *De Reformatie* vanaf Mei 1935.

Tog het Schilder baie oor die kerk geskryf. Egter in los artikels en opstelle waarvan J Kamphuis in die sestigerjare van die vorige eeu die belangrikste saamgevoeg het in drie dele van Schilder se versamelde werke. Dit was een van sy sentrale temas. Die kerk is mos deel van die twaalf artikels oor ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof? Daarom het Schilder die kerk hoog geag, was hy lief vir die kerk, het hy hom beywer vir die werklike eenheid van die kerk, en het hy gely onder die onbegrip oor en onreg in die kerk. Daarom kom ons die kerk orals teë in die tallose bladsye wat Schilder geskryf het.

Buys het dit alles gelees en enigiets wat Schilder oor die kerk geskryf het, ongeag waar in watter boek of publikasie, versamel en sistematies in die proefskrif uiteengesit.

Soekmasjien

'n Mens kan die boek op meer as een manier lees. Jy kan dit lees as 'n deeglike studie oor die plek van die kerk in die denke en die beoefening van die teologie

van Schilder. In vyf hoofstukke vra Buys aandag vir wat Schilder oor die kerk in verhouding tot God se openbaring geskryf het, ook oor kerk en verbond, kerk en eenheid, en kerk en wêreld.

Maar die boek kan ook gebruik word as 'n vinnige naslaanwerk. Omdat Buys elkeen van die byna 300 paragrawe 'n eie opskrif gegee het, het die boek ook 'n soort soekmasjien geword vir wanneer jy vinnig wil naslaan wat Schilder oor 'n bepaalde onderwerp geskryf het en waar in Schilder se nalatenskap dit gevind kan word, byvoorbeeld oor kerklike eenheid, die prediking, kerklike opleiding van predikante, psalmberymings en gesange, Bybelvertalings, kerklike argitektuur, kuns in die kerk, orrelspel, kerk en politiek, kerk en staat, ensovoorts.



Interessant genoeg maak al hierdie paragrawe die geheel nie 'n deurmekaarspul nie. Buys het die baie fasette van die kerk soos wat Schilder daarvoor geskryf het, netjies georden en tot 'n eenheid laat saamsmelt. Dit beskou hy egter nie as sy eie prestasie nie, want Buys het ontdek dat Schilder, ongeag die feit dat hy niks sistematies oor die kerk geskryf het nie, tog heel samehangend en sistematies oor die kerk gedink het! Met blywende aktualiteit.

Afrika-profeet

Aan die einde van sy proefskrif spits Buys die aktualiteit van Schilder spesiaal toe op Suid-Afrika en die Gereformeerde kerke. Hy noem Schilder selfs 'n "Afrika-profeet". Want in Suid-Afrika bestaan allerlei menings en opvattinge oor wat die kerk nou eintlik is. Ook Suid-Afrika is oorspoel deur 'n postmoderne see van twyfel. Die eenheid met Christus het 'n opper-

vlakke mistieke beleving geword. En die eenheid van die kerk het vervaag tot 'n subjektiewe beleving van voor- en afkeure. Volgens Buys staan die kern van die reformatoriese erfenis meer as ooit in Suid-Afrika onder druk. In Nederland net so.

Maar juis daarom kan Schilder se profetiese woorde oor die kerk die kerke in Suid-Afrika en in Nederland daarvoor bewaar om 'n postmoderne hoer te word pleks van 'n deur-God-begeerde gehoorsame bruid, stel Buys.

Kritiek

Hoewel Buys duidelik onder die indruk is van wat Schilder oor die kerk gedink en geskryf het, het hy dit alles nie kritiekloos gelees nie. Ook stem hy nie noodwendig saam met die kritiek wat vanuit ander oorde oor Schilder se kerkvisie uitgebring is nie. Wel het hy verskeie kritiese opmerkings. Daarby bring hy punte na vore wat die moeite werd is om te oordink. Een voorbeeld is Schilder se siening oor voortgaande openbaring, die verband wat Schilder gelê het tussen uitverkiesing en verbond, en die parallel wat hy lê tussen verkiesing en verwerping.

Ek het dit opmerklik gevind dat Buys 'n keer of wat nie met sy kritiek kon wag tot die laaste hoofstuk wat spesiaal vir 'n kritiese beoordeling bedoel was nie. So het hy moeite met die vanselfsprekendheid waarmee Schilder in die eredienste plek langs die psalms wil gee aan die "vrye lied". Omdat volgens Schilder die sang in die liturgie nie die spreke van God tot die gemeente is, maar die antwoord van die gemeente tot God.

Vrye lied – 'n omstrede punt in die GKSA

Dit is 'n omstrede punt in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika waar, behalwe vir die psalms, slegs "skrifberymings" gesing word: berymings van Bybelgedeeltes. Daarom bestry Buys vir Schilder op hierdie punt net daar en dan. Watter rol speel die Heilige Gees in die liturgie van die gemeente? Lê die Gees ons nie slegs die woorde van God in die mond nie?

Ook op 'n ander punt blyk Buys se Afrikaner-wees. Die paragraaf oor Schilder se taalvisie bring hy in verband met die huidige taalstryd oor die voortbestaan van Afrikaans in Suid-Afrika. Ek vind dit nie tereg nie. En dit is ook nie vir my duidelik wat Buys presies bedoel nie.

Daarteenoor is dit boeiend om te lees hoe Buys in sy slothoofstuk worstel met die kritiek dat Schilder sou uitgaan van 'n parallel tussen God se liefde en God se haat. Al vroeër in sy boek toon hy met aanhalings uit Schilder se werke dat dit ook vir Schilder nie so eenvoudig was nie. Ook Schilder het die Bybelgedeelte

geken dat God se barmhartigheid roem teen (of oorwig het oor) God se oordeel (Jak 2:13).

Werkboek

Buys het nie 'n leesboek geskryf wat 'n mens kan lees en dan eenkant kan sit nie. Dit is 'n werkboek wat die kerk aan die werk wil sit met haar roeping om kerk (dit wil sê van die Kurios) te bly.


Ds Ferdinand Bijzet is predikant van die Gereformeerde Kerk Brouwershaven, Nederland

Na aanleiding van A L A Buys, **Sodat hulle een kan wees. Klaas Schilder oor die kerk.** AROS Uitgewery, Totiusdal, 2011. 329 bladsye, R250. Kan bestel word by Rob van der Kooy, Posbus 11607, Queenswood, Suid-Afrika, 0121, of per e-pos: rvdkooy@mailbox.co.za of iti03960@mweb.co.za.

RAAISELKIND – Annelie Botes

Boekbespreking

Outisme – 'n Ernstige ontwikkelingsteurnis wat verskyn binne die eerste drie lewensjare en die brein se normale ontwikkeling van sosiale en kommunikasie-vaardighede affekteer. Die persoon sukkel om die wêreld en die mense om hom/haar te verstaan en dit skep 'n indruk van chaos. Simptome kan onder andere wees: herhalende gedrag, onlogiese angs, oorsensitief wat betref sintuie, maak moeilik kontak en emosie-herkenning wat beperk is.



Raaiselkind is in 2001 uitgegee. Die boek is in Nederlands en Engels vertaal en dit bly steeds 'n bekende boek. Dit beskryf die verwoestende uitwerking wat 'n outistiese kind binne die gesinslewe kan hê: die groeiende wanhoop, die uiterste vermoeidheid; die ontnugtering in kerk en medemens.

Annelie Botes is in 1957 in Uniondale gebore. Sy het op 'n plaas grootgeword en beskryf haar opvoeding as volg: "Ek is Calvinisties grootgemaak, 'n boerekind, aards geskaaf onder die vyl van eg tradisionele Afrikanernorme."

Tydens haar tienerjare leer sy vir Dalene Matthee goed ken en op agtien word haar eerste storie in *Die Brandwag* gepubliseer.

Annelie skryf *Raaiselkind* nadat sy gehoor het van 'n kennis se seuntjie wat outisties is. Vir drie jaar doen sy navorsing. Sy bring tyd saam met gesinne deur, gaan saam na 'n restaurant, gaan doen inkopies saam met hulle en gaan selfs saam kerk toe, omdat sy eerstehands wou weet waaroor sy skryf. Sy bring ook 'n nag in die tronk deur sodat sy dit wat haar karakter Ingrid in die tronk ervaar, kon beskryf.

Die boek handel oor 'n outistiese seuntjie (Alexander) en die gevolge wat sy toestand op die gesin – die pa, die ma en die sussies – het. Die boek self speel in 'n baie kort tydperk af, maar terugblikke op die ma (Ingrid) se ervarings en gevoelens van die dag van Alexander se geboorte word weergegee. 'n Ander hoofkarakter is die oppasser, Miriam. Veral haar verhouding met die seun en haar geloof in God word beskryf.

Raaiselkind beskryf die daaglikse uitdagings vir 'n gesin en kind met outisme. Die ernstige sosiaal ontwrigtende gedrag, asook al die probleme wat dit meebring, word baie realisties weergegee. Die hooftema wat dwarsdeur die boek loop, is die alleenheid wat die ma ervaar as sy op die ou end alleen teenoor haar dogters, die familie, die vriende, die bure, die kerk, die skool en selfs die gereg te staan kom.

Die samelewing en die kerk (NG Kerk) blyk haar en haar kind te verstoot. Die tema hang baie nou saam met Suid-Afrikaners se beoefening van die Christelike godsdiens en die samelewing se reaksie daarop. Annelie sê dat haar navorsing oor die houding van die kerk, veral jeens die "underdogs" van die gemeenskap, onstellend was.

Die boek stel outisme baie meer bekend en dit was waarskynlik reeds vir baie lesers waardevol om sodoende die toestand beter te kan verstaan. Die boek is egter sensasioneel en dramaties geskryf. Dit

wil voorkom asof Alexander al die simptome in hul ergste vorm het, wat nie by alle outistiese kinders die geval is nie. Die seuntjie sterf op 9 jaar en die ma word weens die onnatuurlike dood in hegtenis geneem. Die nag wat die ma in die tronk deurbring en dit wat sy daar ervaar, is skrikwekkend... Die sonde en die gevolge daarvan is vreeslik, maar die vraag kan ontstaan of dit tot stigting en opbouend is om dit so dramaties te beskryf.

Ingrid het geen uitsig nie en voel moedeloos en alleen. 'n Vriend wat in God glo, maar nie aan 'n kerk behoort nie, ondersteun haar met vae antwoorde. Verder kan jy agterkom dat Miriam alles uit God se hand verwag, maar dit lyk nie asof dit enige vertroosting vir Ingrid bring nie. Dit kom ook voor asof daar geen uitkoms is vir 'n gesin en 'n kind met outisme nie. Die enigste uiteindelijke oplossing vir haar lewe blyk die dag te wees as haar kind nie meer daar is nie.

Die boek maak geen vermelding van die hulp en skole wat beskikbaar is nie. Annelie probeer daarmee die tekort in Suid-Afrika beklemtoon, maar tog is daar hulp beskikbaar, alhoewel dalk min. Annelie self het ook 'n skool vir kinders met outisme besoek tydens haar navorsing.

Die pad van ouers met 'n kind met outisme moet uiters moeilik wees en met tye uitsigloos en oorweldigend, maar ons mag weet dat God ons Krag en Uitkoms is. Geen las sal vir ons te swaar wees nie, en dit is 'n gemis in hierdie boek. Die boek laat 'n mens teneergedruk, geskok en moedeloos voel. Die egte en enigste Troos, hoewel indirek daarna verwys is, maar nie werklik daarin geglo is nie, ontbreek.

Uiteindelik nog 'n kort indruk van iemand wat al 'n geruime tyd met outistiese kinders werk:
"Raaiselkind is 'n pragtige boek, waarin 'n ma worstel met die swaar taak om 'n kind met outisme op te voed en lief te hê. Ons kry 'n kyk in die groot gevolge wat die opvoeding van 'n kind met outisme kan hê... in die huwelik, met sussies, met die vriende en skole, maar allereers die geveg in die ma se eie gemoed. Annelie Botes het dit mooi beskryf. Nie al die kinders met outisme het dieselfde vorm van outisme nie. Alexander vergelyk met 'n kind met 'n vorm van Klassieke outisme. Daar is baie ander vorme, soos Asperger en PDD-nos, wat ander gedrag kan openbaar, wat nie wil sê dat die opvoeding minder swaar kan voel nie. In *Raaiselkind* is die storie deur die ma vanuit die tronk geskryf. Dit maak die boek ekstra dramaties, wat die leser die gevoel gee dat daar alleen hopeloosheid en onmag ontstaan wan-neer jy 'n kind met outisme kry.

Daar is gelukkig ook voorbeelde van gesinne met 'n kind met outisme wat regkom, met hulp van baie vriende en die omgewing, en wat 'n sekere mate van balans kan vind..." Gerda Bastiaan

Die boek is insiggewend om te lees in die verstaan van outisme, maar ontstellend. 'n Mens kan dalk die boek in dele lees en dit wat jy lees, met iemand bespreek. En onthou dat daar wel Uitkoms is en die Soewereine God alles in Sy hand hou, ook die kind met outisme en die ouers wat hom/haar ontvang het.



Bronnelys:

Botes, A: *Raaiselkind*. Eerste uitgawe, vierde druk 2002. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk. ISBN 0624040100
Terblanche, E: *Annelie Botes (1957-)*. www.litnet.co.za

Anita Kamphuis

Sperdatum vir die Julie-uitgawe
van *Kompas*:


12 Junie 2011

INTERNASIONALE TERREUR

In Pers-pektief

Al-Kaïda

Op 2 Mei het President Obama van die VSA die wêreld verras met die aankondiging dat **Osama bin Laden**, die leier van Al-Kaïda, doodgeskiet is tydens 'n aanval van 'n anti-terreur-eenheid van die VSA op sy huis in Pakistan. Die details daarvan kon u in al die koerante lees, oor die radio hoor of op televisie sien. Dit het groot vreugde in die VSA laat ontstaan, saam met oplugting in Europa, gelatenheid in Pakistan, 'n versigtige neutrale reaksie van die Suid-Afrikaanse staatshoof en woede by sommige Moslem-leiers. Hierdie verskillende reaksies dui aan watter beeld mnr Bin Laden gedra het: van opperste terroriste-leier tot opperste held.



Het hiermee 'n einde gekom aan die terreur van Al-Kaïda? Die meeste kommentators stem saam dat dit nie die geval sal wees nie. Hoewel Bin Laden die hoofleier was, was Al-Kaïda se bevelstruktuur gedentraliseer. Daar sal ongetwyfeld van die oorblywende leiers en kaders wees wat Bin Laden se dood sal probeer wreek.

Van die Al-Kaïda binnekring van 12 aanvanklike leiers is daar nou drie dood, ses in tronke en nog drie op vrye voet. Wat wel seker is, is dat Al-Kaïda met Bin Laden se dood 'n **gevoelige slag** toegedien is, sowel op sielkundige as op strategiese front.

Maar 'n etiese vraag is of een land sommer 'n ander land kan binneval en mense daar doodmaak. Dit skep ook 'n presedent wat ander lande kan aanspoor om dieselfde te doen. Die VSA het die soewereiniteit van Pakistan blykbaar geskend deur sonder toestemming 'n inval daar te doen en mense dood te maak. Die oueres onder ons sal onthou hoe Suid-Afrika se magte in die apartheidstyd invalle gedoen het in ons buurlande om ANC-leiers daar dood te maak. Israel het dit gedoen in die Midde-Ooste. 'n Land doen dit as sy eie **veiligheid ernstig bedreig** word. Maar is dit reg?

Oor die afgelope 15 jaar het Al-Kaïda aanspraak daarop gemaak dat hy ten minste 15 aanvalle uitgevoer het op westerse teikens, waarby meer as 3 900 mense gedood is (die grootste was die aanval op die World Trade Center op 11 September 2001 waarby nagenoeg 3 000 mense dood is). Daar was dus min of meer 'n verklaarde terreur-oorlog tussen Al-Kaïda en die weste. Bin Laden is reeds deur 'n VSA-hof formeel skuldig bevind aan moord na die aanvalle op die VSA-ambassades in Nairobi en Dar es Salaam in 1998. Sy dood was dus die **teregstelling van 'n veroordeelde misdadiger**.

Die VSA het in hierdie geval die kortste pad gekies en hom nie, soos Israel in die geval van Eichmann, ontvoer en voor 'n eie regbank bereg en veroordeel nie. Omdat die VSA in baie state nie meer die doodstraf uitvoer nie, sou Bin Laden na 'n uitgerekte proses waarskynlik tot lewenslange gevangenisstraf veroordeel gewees het, met die verwagting van talle terreuraanvalle daarna om hom vry te kry. Sy skietdood nou was dus op 'n manier 'n **"gerieflike" oplossing**. 'n Mens het by hoë uitsondering begrip vir sodanige optrede as internasionale reg nie funksioneer nie (Bin Laden is waarskynlik deur belangrike mense in Pakistan beskerm).

Hamas, Hezbollah, Moslem-Broederskap

Die huidige **"Arabiese lente"**, die volksoptrede in die Arabiese wêreld vir vryheid en demokrasie, dui aan dat daar 'n ander pad besig is om te ontwikkel om die vryheid van die Arabiese bevolking te bereik: nie deur geweld teen 'n vyand van elders nie, maar deur verandering van eie strukture, met ondersteuning nogal deur die westerse wêreld. Die Islam het skade gely deurdat hulle vereenselwig is met terreur-bewegings soos Al-Kaïda. 'n Indonesiese Moslem-

leier het verklaar: "Bin Laden se dood sal die **Islam** se beeld as 'n **godsdienst van die mense**, en nie geweld en radikalisme nie, herstel". Die radikale Moslem-Broederskap het verklaar: "Bin Laden is nie die Islam nie".



Binne die Moslem-wêreld leef deurgaans anti-westerse gevoelens as gevolg van die steun van westerse lande aan Israel, wat "heilige land" van Moslems (Jerusalem) beset het.

Maar die sterkste anti-westerse sentimente en aggressiwiteit, soos by Al-Kaïda, leef by die radikale Moslem-bewegings in die Midde-Ooste, soos die **Hamas** en **Hezbollah** in Palestina en Libanon en die **Moslem-Broederskap** in Egipte. Hulle word hierin moreel en met middele ondersteun deur **Iran**, wat 'n radikale sjiïtiese Moslem-staat is.

Die bewegings se doelstelling is egter nie soseer om westerse lande aan te val nie, maar om die hele Palestina "te bevry van die Sioniste". Israeliese belange oor die hele wêreld kan egter wel hulle teikens wees, soos sinagoges in Arabiese lande of in Griekeland. As gevolg van die begin van demokratiese ontwikkelings in die Arabiese wêreld sal druk op hulle waarskynlik toeneem om 'n meer gematigde standpunt in te neem. Iran leef ook min of meer geïsoleerd van die ander Moslem-lande, maar onderhou goeie kontakte met Noord-Korea, in ruil vir olie vir wapens en kerntegnologie.

Somaliese seerowers

Seerowery vorm 'n bron van romantiese verhale oor helde en verborge skatte uit vroeër eeue. Maar in die laaste dekades het seerowery weer sy kop

uitgesteek. Dit het aanvanklik begin in die Straat van Malakka, 'n besige skeepvaartsroete na en van die Verre Ooste. Daar is skeepsvrag en die persoonlike besittings van die bemanning afgeneem. Maar die laaste dekade het seerowery sterk as "**besigheid**" ontwikkel rondom Somalië. Skepe en hul bemannings word as gyselaars aangehou en teen 'n groot losprys weer vrygelaat.

Een van die belangrikste voorwaardes vir doeltreffende seerowery is dat daar **toevlugsoorde** moet wees waar seerowers betreklik veilig is vir opsporing en vergelding. Dit was die geval op Sumatra, waar die seerowers in riviermondings kon wegkruip en waar die Indonesiese gesag swak was. Nou is dit veral Somalië waar owerheidsgezag ontbreek. Die seerowers daar het 'n goeie stelsel ontwikkel waardeur inbetalings by sekere banke of kontant uiteindelik by hulle uitkom. Die huidige internasionale beskerming deur vlootskepe van verskeie lande is ondoeltreffend, veral as gevolg van die "sagte handskoen"-benadering waar **seerowers slegs "verwilder"** word.

Hierdie internasionale bron van wetteloosheid sal nie uitgeroei kan word met die huidige "vriendelike" benadering nie. As die nasionale owerheid nie in staat of bereid is om seerowery in sy land te keer nie, sal die internasionale gemeenskap kragdadig moet ingryp om die euwel uit te roei. Seerowery sal, soos in die verlede, op see uitgeveg moet word. Moderne opsporingsapparate behoort die seerowers se "moederskepe" te kan identifiseer, te volg en uit te skakel. Ongelukkig sal daar dan seerowers omkom, maar anders bly dit '**n kwaad wat voortwoeker**.



Noord-Korea

'n Staat wat hom min steur aan internasionale vrede en veiligheid, is Noord-Korea. Dit is 'n geslote stalinistiese diktatoriale staat, wat deur die weermag en die "**Kim-dinastie**" beheers word. Die bevolking het geen toegang tot internasionale nuus en elektroniese verkeer nie en word slegs deur die

regering ingelig en opgevoed oor wat hy nuttig vind. Enige andersdenkende word op 'n doeltreffende manier opgespoor en uitgeskakel. Deur hul militêre optrede tart hulle gereeld die Suid-Koreane uit en sink van hulle vlootskepe. Uit angs vir nog groter onheil aanvaar die Suid-Koreane dit maar min of meer gelate.

Omdat Noord-Korea **beskerm** word **deur kommunistiese China**, soek die VSA en ander westerse moonthede geen skoor met Noord-Korea nie. Maar dit lyk amper onmoontlik dat in ons tyd 'n hele land se bevolking onmondig gehou word. As daar iewers 'n **kontras** in die wêreld is, dan is dit tussen die arm **Noord-Korea**, waar die enigste toegestane religie die kommunisme is, en die welvarende **Suid-Korea**, waar die Christendom groei. Net soos met kommunistiese China (die "volksrepubliek" van die kommunistiese party) sal ekonomiese druk en ontwikkelingsstadigaan die Noord-Koreaanse regime se beheer en gesag ondermyn en sal meer demokratiese strukture en (godsdienst)vryheid gevestig word. Ook met Noord-Korea is dit 'n kwessie van tyd.

Gevolgtrekking

Wat kan ons sê van die bestaan van **internasionale terreur**? Vir eers dat dit **voorlopig** sal **voortbestaan**. Soos daar persoonlike kwaad in die wêreld is, sal daar ook kwaad tussen groepe en lande wees. Daar is steeds radikale groepe, nasionaal en internasionaal, wat hulle veronreg voel en na geweld gryp om hulle onmin bekend te maak en aan te dring op

regstelling. Daar sal ook state soos Iran en Noord-Korea bly wat hulle onder druk voel van die internasionale gemeenskap en hulle eie mag probeer versterk. En hoewel ons 'n **"Verenigde Nasies"** het, het dit **nie genoeg tande** om orals 'n polisie-mag of leër na toe te stuur om orde op sake te stel volgens internasionaal aanvaarde norme nie. **Dus bly internasionale vrede en vryheid nog ver.**

Die westerse lande is oor die algemeen te "sag" om met harde hand op te tree teen internasionale bedreigings, seerowery, geweld en diktatuur. Slegs waar hulle eie strategiese belange (soos olieverskaffing) in geding is (soos in Irak en Libië), sal hulle met geweld ingryp. Daarom kan lande soos Somalië, Zimbabwe, Mianmar (Burma) en Noord-Korea voorlopig onbedreig voortgaan met hulle huidige beleid van "binnelandse verwoesting".

Ons bely dat **Christus** die wêreld regeer vanuit die hemel. Maar die **satan** gaan rond soos 'n brullende leeu. Ons sien beide aspekte duidelik in die huidige ontwikkelings in die wêreld. Op plekke groei die vryheid en geloof in God Drie-enig, terwyl op ander plekke mense gebuk gaan onder goddelose verdrukking en terreur. Laat ons gebed nie ophou vir die voortgang van die evangelie en sy deurwerking in die samelewing nie.

Hans Moes

LUGSPIEËLING

Elders Gelees

Kort na die Tweede Wêreldoorlog het Totius die saak van wêreldvrede ter sprake gebring in *Die Kerkblad* van 20 April 1945. Hy begin deur te verduidelik wat 'n *fata morgana* is.

Is wêreldvrede gesigsbedrog?

'n Karavaangeselskap sien 'n helder plek voor op die sand van die woestyn. Daar is water! Nader gekom bemerk die reisigers dat die blink plek altyddeur vorentoe skuive. Dit bly een en al sand. 'n Lugspieëling dus. Fata morgana. Gesigsbedrog. Totius vra dan die vraag of dit nie maar die natuurbeeld is van wat die geskiedenis ons laat sien insake wêreldvrede wat nagestreef word nie. Daar was groot verwagtings van die Volkebond, maar tog was dit nie in staat om die Tweede Wêreldoorlog af te

wend nie. Die blink gedagte en drang na wêreldvrede het soos 'n fata morgana verdwyn.



Na planne vir die daarstelling van 'n Veiligheidsraad vervolg Totius:

Nou kom die vraag hoe ons as Christene teenoor die vredesbeweging moet staan. Moet ons stilsit en die wêreld laat begaan? Nee, dit seker nie. Dat die swaard te ligvaardig getrek word, gee ons ook toe. Daarom moet alle pogings gesteun word wat die vrede so duursaam moontlik wil maak. Hierin gaan ons met die Pasifiste akkoord. Alleen verskil ons van hulle in dié opsig dat ons die verpligting om as burgers ons vaderland teen aggressie te verdedig, nie van ons wil afskuiwe nie, met ander woorde daar is gevalle wanneer dit pligmatig is om die swaard te trek. Daaroor moet die owerheid in alle bedagsaamheid beslis.

Wêreldvrede.... met die verskyning van Christus op die wolke!

Maar nou het die vredesaksie ook 'n ander aspek. Daar word geywer vir wêreldvrede waarvan die menslike natuur en ontwikkeling die grondslag moet vorm. Geloof in die mens sou dan die heerlike

paradys moet bring, en alle, in sigself goeie, middele soos diplomاسie en arbitrasie sou hulle seën van die mens ontvang om so tot wêreldvrede van blywende aard te geraak.

Hierteenoor stel ons geloof in God wat alle dinge regeer en in erkenning gehou moet word. Daarby kom dat 'n wêreldvrede eers kan aanlig met die verskyning van Christus op die wolke. Dan eers sal oorloë en gerugte van oorloë ophou. Christus alleen is die Vredesagent, die gesalfde Koning. Aan Hom is nou al gegee alle mag in hemel en op aarde.

Ten slotte noem Totius dat, as God Almagtig nie in erkenning gehou word en daar nie na sy maatstaf van waarheid en geregtigheid geoordeel word nie, alles aan die einde tevergeefs sal wees. 'n Fata morgana.

(Geneem uit: *Totius Versamelde Werke*, Deel 7, bladsye 228-231)

ADVERTENSIES



Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van kooporeenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za



**GORDONSBAAI -
HOOGGENOEG**

3 slaapkamer vakansiehuis vir 4-5 persone met uitsig op see en berge. Vir verdere inligting en besprekings kontak ons by:
www.hooggenoeg.co.za
jettysalomons@telkomsa.net
082 320 6577 of 021 856 0736
Piet en Jetty Salomons

Koste vir die plasings van advertensies:

Vol bladsy :	R 480
Driekwart bladsy :	R 360
Twee-derde bladsy :	R 320
Halwe bladsy :	R 240
Een derde bladsy :	R 160
Een kwart bladsy :	R 120
Een agste bladsy :	R 60
Een sestiende bladsy :	R 30

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 0127
Faks 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (telnr 012 335 9134)

Redaksie:

Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz

Subredakteurs:

Leer & Lewe:
Roelof de Jong
Gesin & Opvoeding:
Petrie Eefting
Venster op die Bybel:
Ds Jopie van der Linden
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
In Pers-pektief:
Hans Moes

Redaksieadres:

19^{de} Laan 560
Rietfontein 0084
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R55
RSA per hand : R110
RSA per pos : R150
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

<http://kompas.vgk.org.za/>

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds P Abrahams :**
Bauhinia Close 12, Belhar 7490 tel 021 953 0940 /
pabrahams@webafrica.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
Hoëveldlaan 17, Bethal
hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds C Kleijn :**
Corneliusstraat 1071, Panorama, A H, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
Soshanguve Noord; tel 073 241 9963
- **Rev T Mogale :**
19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds HH van Alten :**
Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
hhvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 /
084 440 2428; emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182 tel 012 549-3668 /
dmborsma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 /
pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Ds T de Boer :**
Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 /
tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 /
magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 /
jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
Soshanguve; tel 072 237 2412